

9 Junie

Skrifgedeelte: Markus 15:33-41
Fokusgedeelte: DL, 2:4

Net God self kon die volmaakte offer bring!

Jesus se offer aan die kruis was die enigste en volmaakste offer en was voldoende om vir alle mense se skuld te betaal. Wat maak die offer van Jesus aan die kruis dan so besonders? Ons belydenis gee twee redes. Die eerste is dat Hy self ook God is en die tweede is dat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek wat ons deur ons sondes verdien het, in ons plek aan die kruis gedra het.

Jesus is nie net 'n ware en volkome heilige mens nie, Hy is ook die eniggebore Seun van God. Dit was baie duidelik op die dag toe Hy gesterf het. Daar was drie ure lank duisternis, en dit in die middel van die dag! Die voorhangsel in die tempel het vanself van bo tot onder middeldeur geskeur. "Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas ... Toe die offisier wat reg voor Jesus gestaan het Hom die laaste asem so sien uitblaas het, het hy gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.'" Volgens hierdie woorde in vers 37-39 was dit só duidelik dat Jesus nie 'n gewone mens was nie dat selfs die Romeinse offisier tot die belydenis moes kom dat Jesus werklik die Seun van God was!

God self het dus vir my sondes betaal en Hy het dit bewustelik vir my en alle ander gelowiges gedoen. Daarom was hierdie offer die enigste offer wat my sondes kon wegneem. Geen ander offer kan met hierdie offer vergelyk word nie: God self het mens geword en gesterf. Dit is die prys wat vir my betaal is sodat ek van my sondeskuld verlos kon word en vir ewig kan lewe! Om dié rede wil ek elke dag my lewe as 'n dankoffer aan God toewy om dankie te sê vir die groot offer wat Hy vir my gebring het.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~